

5 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5

Fokusgedeelte: DL, VD 5:4

Ware gelowiges kan nie die sonde tot die dood begaan nie!

Baie gelowiges bekommer hulle daaroor of hulle nie dalk die sogenaamde sonde teen die Heilige Gees begaan het nie. Hulle wonder of hulle nie dalk die sonde tot die dood begaan het nie. Die dwaalleraars het beweer dat ware gelowiges en wedergeborenes wel hierdie sonde kan begaan, maar die Sinode het dié bewering verwerp.

Alle sondes, behalwe een, kan vergewe word. Die een onvergeeflike sonde is ongelooft. Mense wat weier om die Heilige Gees te glo wat verkondig dat Jesus die enigste ware Verlosser is begaan die sonde teen die Heilige Gees. Mense wat weier om te aanvaar dat Jesus die Seun van God is en dat daar by Hom alleen ewige verlossing te vind is, wat doelbewus hulle rug op God en sy genade keer, hulle begaan die sonde tot die dood. Alle ander sondes kan vergewe word, behalwe volhardende ongelooft.

God sal enige gelowige vergewe, maar Hy sal geen ongelowige vergewe nie. Daarom moet ek ook nie bid dat God ongelowiges moet vergewe nie. Ek moet eers bid dat God hulle tot geloof sal bring. Eers as dit gebeur het kan ek bid dat God hulle sal vergewe. Johannes skryf (vers 18): "Ons weet dat iemand wat uit God gebore is nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie." Ons belydenis verklaar die vers so dat dit beteken dat gelowiges nie meer die sonde tot die dood, naamlik ongelooft, kan begaan nie.

Daarom hoef ek as ware gelowige nooit meer daaroor bekommerd te wees dat ek dalk die sonde tot die dood begaan het nie! As ek werklik in Jesus Christus glo het ek die versekering dat Hy vir al my sondes ten volle betaal het en dat ek daarom vergifnis en verlossing van God ontvang!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~